# GEMEENSKAPSVERANTWOORDELIKHEID AS SLEUTEL TOT VOLHOUBARE ERFENISBEWARING IN SUID-AFRIKA: POTCHEFSTROOMSE GEVALLESTUDIES

**Kobus du Pisani**

*Buitengewone professor, Noordwes-Universiteit*

kobus.dupisani@nwu.ac.za

Omdat die Suid-Afrikaanse regering nie oor die vermoë beskik om kultuurerfenisbewaring kragtens die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne doeltreffend uit te voer nie, word dit die verantwoordelikheid van plaaslike gemeenskappe om hul eie kosbare kultuurerfenis in stand te hou. Trouens, die wet gee erkenning aan die rol van die burgerlike samelewing in kultuurerfenisbewaring. In hierdie artikel word twee suksesvolle gevallestudies van gemeenskapsgeleide erfenisbewaringsprojekte in Potchefstroom onder leiding van Heritage Potchefstroom Erfenis ontleed. Die eerste gevallestudie handel oor die historiese Piet Malanhuis, wat uit die negentiende eeu dateer en argitektoniese en historiese erfeniswaarde het. Dit is deur ’n beplande hoëdigtheid-studentebehuisingsprojek met sloping bedreig. In opvolging van ’n erfenisimpakassesseringsverslag, wat die behoud van die huis en die verklaring daarvan as ’n beskermde erfenishulpbron aanbeveel het, het die ontwikkelaars ingestem om die planne van die studentewoonstelblokke te wysig. Die Piet Malanhuis is behou, word benut as administratiewe kantore van die woonstelle en word in stand gehou. Die tweede gevallestudie is die eikelaan van meer as 700 bome, wat in 1911 aangeplant is. Dit is in 1977 tot ’n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar. In die laat twintigste eeu het talle bome begin siek word en het doodgegaan weens waternood, insekteplae en swamsiektes. ’n Projek om die eikelaan van verdere agteruitgang te red is in 2017 geloods en lewer positiewe resultate. Verskillende rolspelers in die gemeenskap werk saam om die dooie bome te vervang en die instandhouding van die bome te moniteer. Na aanleiding van die twee gevallestudies word gevolgtrekkings gemaak oor watter kritiese suksesfaktore geld om bewaringsprojekte te laat slaag. Sterk leierskap, duidelike doelstellings, effektiewe kommunikasie, ’n kundige span medewerkers en samewerking met owerhede binne die toepaslike wetlike raamwerk word geïdentifiseer as voorvereistes om plaaslike gemeenskappe te mobiliseer en rolspelers saam te snoer in volhoubare bewaringsbestuursprojekte.

**Sleutelwoorde:** bedreigde kultuurerfenis, eikelaan, kritiese suksesfaktore, kultuurerfenis-bewaring, Piet Malanhuis, Potchefstroom, Suid-Afrika

**Community responsibility as key to sustainable heritage conservation in South Africa: Potchefstroom case studies**

Because the South African government does not have the capacity to effectively conserve our cultural heritage in terms of the National Heritage Resources Act, it becomes the responsibility of local communities to maintain their own precious cultural heritage. In fact, the act recognises (and encourages) the role of civil society in cultural heritage conservation. In this article, two successful case studies of community-led heritage conservation projects in Potchefstroom under the leadership of Heritage Potchefstroom Erfenis are analysed. The first case study concerns the historic Piet Malan House, which dates from the nineteenth century and has architectural and historical heritage value. It was threatened with demolition by a planned high-density student housing project. Following a heritage impact assessment report, which recommended the retention of the house and its declaration as a protected heritage resource, the developers agreed to amend the plans of the student apartment blocks. The Piet Malan House has been retained and is currently used as administrative offices of the apartments and is also maintained. The second case study is the avenue with more than 700 oak trees, which was planted in 1911. It was declared a National Monument in 1977. In the late twentieth century, many trees began to get sick and died due to water shortages, insect pests and fungal diseases. A project to save the oak avenue from further deterioration was launched in 2017 and is producing positive results. Different role players in the community work together to replace the dead trees and monitor the maintenance of the trees. Following the two case studies, conclusions are drawn about which critical success factors apply to the success of conservation projects. Strong leadership, clear objectives, effective communication, an expert team of collaborators and cooperation with authorities within the applicable legal framework are identified as prerequisites for mobilizing local communities and bringing role players together in sustainable conservation management projects.

**Keywords:** critical success factors, cultural heritage conservation, endangered cultural heritage, oak avenue, Piet Malan House, Potchefstroom, South Africa

## Inleiding

Vandag het die Suid-Afrikaanse regering nie meer die vermoë om alles te doen wat dit volgens wet veronderstel is om te doen nie. Die burgerlike samelewing moet self sorg vir dit wat die owerhede nalaat om te doen. Dit geld ook vir kultuurerfenisbewaring in die algemeen en die bewaring van die kultuurgroepe se kultuurskatte in die besonder.

Hoewel die stand van erfenisbestuur en -bewaring in Suid-Afrika veel te wense oorlaat, sal dit nie baat om fatalisties te wees oor die agteruitgang van erfenishulpbronne nie. Plaaslike gemeenskappe moet die verantwoordelikheid van die bewaring van hul erfenis in hul eie omgewing aanvaar.

Daar is verskeie voorbeelde van suksesvolle plaaslike erfenisbewaringsinisiatiewe deur erfenisbewuste persone en organisasies. In die artikel word suksesvolle gemeenskapsinisiatiewe vir kultuurerfenisbewaring in Potchefstroom ontleed, waarvan die outeur eerstehandse kennis dra. Uit hierdie voorbeelde, waar individue en instansies die leiding geneem en hande gevat het om die gemeenskap vir erfenisbewaring te mobiliseer, kan gevolgtrekkings gemaak word oor wat benodig word om die taak van kultuurerfenisbewaring op die plaaslike vlak suksesvol en volhoubaar uit te voer.

## Bedreigde kultuurerfenis

Ná 1994 het die Suid-Afrikaanse regering goeie wetgewing deurgevoer vir die bewaring van kultuurerfenis. Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (wet 25 van 1999) het ’n stewige grondslag vir kultuurerfenisbewaring in die land gelê. Die goeie bedoelings word in die aanhef van die Wet verwoord: “To introduce an integrated and interactive system for the management of the national heritage resources; to promote good government at all levels and empower civil society to nurture and conserve their heritage resources so that they may be bequeathed to future generations …”.[1]

Statutêr is die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap geskep en is voorsiening gemaak vir provinsiale erfenishulpbronowerhede,[2] maar sowel hierdie instansies as munisipaliteite beskik nie oor die kapasiteit om die bewaringsoogmerke van die 1999-wet te verwesenlik nie. Omdat daar soveel mededingende behoeftes in die Suid-Afrikaanse samelewing met ’n groot persentasie minderbevoorregtes is, word die beskerming van kultuurerfenis nie deur die meeste regeringsbesluitnemers as ’n noodsaaklikheid vir die samelewing beskou nie, en is dit nie ’n prioriteit vir die staat nie. Te min finansiële hulpbronne word in begrotings aan erfenisbewaring toegewys, met die gevolg dat daar ook nie voldoende menslike hulpbronne in ’n amptelike hoedanigheid hierby betrokke is nie.[3]

---

1 National Heritage Resources Act, 1999, Republic of South Africa, Government Gazette 406(19974), 1999-04-28, No. 25 of 1999, p 2.

2 National Heritage Resources Act, 1999, Republic of South Africa, Government Gazette 406(19974), 1999-04-28, No. 25 of 1999, seksies 11–13, pp 26, 28 en seksies 23 en 24, pp 34, 36.

3 Kyk byvoorbeeld C Scheermeyer, A changing and challenging landscape: heritage resources management in South Africa, *South African Archaeological Bulletin* 60(182), 2005, pp 121–123;


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4

Die gevolge van ontoereikende erfenisbestuur in Suid-Afrika is duidelik waarneembaar. Erfenisterreine en -voorwerpe word bedreig en museums voer ’n stryd om oorlewing, gaan agteruit of sluit. Bewaringswaardige geboue ouer as 60 jaar bly in die slag. Monumente word gevandaliseer, gestroop, vernietig of verskuif.[4]

Om die nadelige gevolge te stuit of te beperk, moet plaaslike gemeenskappe self verantwoordelikheid neem waar die regering faal. In hierdie artikel word twee gevallestudies gebruik van suksesvolle gemeenskapsinisiatiewe vir kultuurerfenisbewaring in Potchefstroom om sommige komponente uit te lig wat nodig is vir plaaslike gemeenskappe om hul kosbare kultuurerfenis te beskerm.

Die gevallestudies berus op kwalitatiewe navorsing deur die ontleding van ’n verskeidenheid toepaslike primêre en sekondêre bronne. As aktiewe deelnemer aan beide bewaringsprojekte het die outeur van hierdie artikel toegang tot primêre materiaal, soos die erfenisimpakassesseringsverslag oor die Piet Malanhuis en die interne dokumentasie en kommunikasie van sowel Heritage Potchefstroom Erfenis as die Eikelaanbelangegroep gehad. Die outeur kon sy verworwe kennis op die terrein van erfenisbewaringsbestuur aanwend om die ingesamelde data te vertolk.


## Gevallestudie 1: Die Piet Malanhuis

Die eerste gevallestudie is die Piet Malanhuis wat van sloping gered is en volhoubaar benut word.

ICOMOS South Africa, Heritage at risk, geen datum, https://www.icomos.org/public/risk/world_report/2000/south-afr_2000.htm, besoek 2023-12-30; L Steyn, Risk of losing heritage sites, *Mail & Guardian*, 24 September 2011, https://mg.co.za/article/2011-09-24-risk-of-losing-heritage-sites/, besoek 2023-12-30; S Chinkure, Heritage conservation in Africa: the good, the bad, and the challenges, *South African Journal of Science* 109(1/2), Jan/Feb 2013, pp 1–2.

4 Daar verskyn gereelde persberigte oor die agteruitgang van die land se erfenishulpbronne. Kyk onder meer: K Mafolo, SA’s heritage at risk: museums across the country face ongoing challenges, *Daily Maverick*, 2020-03-01, https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-03-01-sas-heritage-at-risk-museums-across-the-country-face-ongoing-challenges/, besoek 2023-12-30; M Hicklin, Demolished buildings: does the ANC and Minister De Lille not care about South Africa’s heritage?, DA-webwerf, 2022-10-16, https://www.da.org.za/2022/10/demolished-buildings-does-the-anc-and-minister-de-lille-not-care-about-south-africas-heritage, besoek 2023-12-30; A Henderson, Joburg history ends in rubble as heritage site is demolished, *Financial Mail*, 2023-04-27, https://www.businesslive.co.za/fm/fm-fox/2023-04-27-joburg-history-ends-in-rubble-as-heritage-site-is-demolished/, besoek 2023-12-30; Anoniem, Vandalisation of statues South Africa, *The Heritage Portal*, 2015-11-23, https://www.theheritageportal.co.za/thread/vandalisation-statues-south-africa, besoek 2023-12-30.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4



**Figuur 1:** Die Piet Malanhuis in Tomstraat 57 soos dit in die twintigste eeu gelyk het. (Bron: *Potchefstroom Herald,* 1956-10-19.)

### *Historiese agtergrond*

Die huis in Steve Bikolaan (voorheen Tomstraat) 57, was die eerste huis wat in 1894 of moontlik vroeër in die woongebied bekend as "Die Bult", aan die noordekant van Potchefstroom, gebou is. Die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) het in Mei 1891, in opvolging van die vroeëre besluit om burgers wat vir die Republiek in oorloë geveg het met erwe te vergoed, goedgekeur dat die stuk grond aan die noordekant van Potchefstroom en oos van die beplande spoorlyn in burgererwe verdeel kon word.[5] Hier het Pieter Josephus Malan, wat in 1882 as dertienjarige seun na Potchefstroom gekom en later by die Rocher-meule by Noordbrug in die Mooirivier gewerk het, en sy vrou, Julica Maria Croeser, met wie hy in 1896 getroud is, hulle gevestig. Hulle het 12 kinders gehad en meer as 60 jaar in die huis gewoon. Aanvanklik het die erf 'n hele straatblok beslaan. Dit was soos 'n klein plasie, waar groente en vrugte gekweek en melkkoeie aangehou is.[6]

Piet Malan het in die Tweede Anglo-Boereoorlog in die Potchefstroomse Kommando en later onder generaal Koos de la Rey geveg. Sy vrou het haar vir die

5 Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Notule van de Uitvoerende Raad der ZAR, 1891-04-30, artikel 244; Notule van die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1891-05-27, artikel 154; Register van Aktes van Transvaal, 1941.

6 Anoniem, The old couple who built first house in vicinity of university, *Potchefstroom Herald,* 1956-10-19, p 6; Anoniem, Nog 'n oue moet padgee, *North West Independent*, 2011-07-13, p 1; Potchefstroom Hoofmuseum, argiefmateriaal, inligtingstuk in lêer oor Piet Malanhuis.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4

duur van die oorlog in Natal bevind. Na afloop van die oorlog het die egpaar na Potchefstroom teruggekeer, waar hulle die huis, wat in die oorlog as ’n blokhuis gedien het, beskadig aangetref het. Hulle het die huis herstel en mettertyd, soos die gesin gegroei het, met aanbouings vergroot.[7]

Sedert die oprigting van die huis in die negentiende eeu het Die Bult-omgewing baie verander. Boerderye en watermeule het plek gemaak vir residensiële ontwikkeling. Die universiteit, wat hier gevestig is, het uitgebrei en al meer grondgebied beslaan. Klein ondernemings is rondom Cachetplein opgerig om die permanente inwoners en studente te bedien. Dit het ’n gebied van gemengde grondgebruik geword. In die Tlokwe Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (SDF) word dit aangedui as ’n opvoedkundige node en ’n gebied van residensiële verdigting.[8]

Die bejaarde Piet Malan het die huis in 1959 verkoop. In 1982 het die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), dit aangekoop. Toe daar in 1987 sprake was dat die huis gesloop gaan word om ’n parkeerterrein aan te lê, het mnr Ben van der Walt, destyds voorsitter van die Potchefstroomse tak van die Stigting Simon van der Stel, by die universiteit navraag gedoen, wat hom verseker het dat die huis nie gesloop sou word nie.[9]

As ’n gebou van besondere argitektoniese en kultuurhistoriese betekenis, wat deel is van die erfenisryke Bultomgewing in Potchefstroom en waaraan verhale oor die geskiedenis van die dorp oor ’n tydperk van meer as ’n eeu gekoppel word, voldoen die Piet Malanhuis aan die eerste drie kriteria in seksie 3(2) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne vir klassifisering as ’n bewaringswaardige erfenishulpbron en aan ses van die kriteria in seksie 3(3) van die wet vir die bepaling van besondere erfeniswaarde.[10]


7 Anoniem, The old couple who built first house in vicinity of university, *Potchefstroom Herald*, 1956-10-19, p 6.

8 Kyk die kaarte in Tlokwe Stadsraad, Integrated Development Plan of the Tlokwe City Council, Third generation IDP, 2012, pp 272, 274.

9 Noordwes-Universiteit, argief, briewe: BJ van der Walt, voorsitter van die Potchefstroomse tak van die Stigting Simon van der Stel aan prof T van der Walt, rektor van die PU vir CHO, 1987-07-14 en die antwoord namens die rektor aan hom deur die universiteit se hoofdirekteur (beplanning en inligting), JM Hattingh, 1987-09-17. Kyk ook Anoniem, Korrelkop-omie se historiese huis, *Potchefstroom Herald*, 2011-07-29, p 12; Cheryl Botha, Golden oldie’s days may be numbered, *Potchefstroom Herald*, 2011-07-29, p 12.

10 National Heritage Resources Act, 1999, Republic of South Africa, Government Gazette 406(19974), 1999-04-28, No. 25 of 1999: seksies 3(2) en 3(3), pp 12, 14.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4



**Figuur 2:** ’n Lugfoto van die kampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en ’n deel van Die Bult-woonbuurt, 1970. Die onderste pyl dui Tomstraat met die bome van die historiese eikelaan aan en die boonste pyl die ligging van die Piet Malanhuis net een straatblok van die universiteitskampus. (Bron: NWU-argief, Piet Fotokuns se fotoversameling.)


***Studentebehuisingsprojek bedreig Piet Malanhuis***

In 2010 het Stockwell Eiendomsontwikkelaars beplan om studentebehuising, bestaande uit 420 wooneenhede in ses woonstelblokke van sewe verdiepings elk, op te rig op ’n perseel van meer as 9,000 vierkante meter, wat vyf erwe ingesluit het, ook die erf waarop die Piet Malanhuis staan.[11] Die beplande ontwikkeling het as Unilofts bekendgestaan. Die beoogde Unilofts-projek sou hoër bevolkingsverdigting teweegbring as wat voorheen deur die stadsbeplanners op die noordelike deel van Die Bult toegelaat is. Op 28 Junie 2011 het die ontwikkelaars ’n hersoneringsaansoek by die Tlokwe-munisipaliteit ingedien om die sonering

11 MWJ de Jager (Plan Centre Townplanners), hersoneringsaansoek gestuur aan die Tlokwe munisipale bestuurder met aansoekvorm en voorgeskrewe bylaes, 2011-06-28; KA Bakker (Cultmatrix), Final HIA for a high density student housing development, c/o Meyer and Steve Biko Streets, Die Bult, Tlokwe, 2012-08-23, p 1.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4

van die vyf erwe van "residensieel 1" na "residensieel 4" te verander.[12] Hulle het beplan om alle strukture op die perseel, insluitend die Piet Malanhuis, te sloop.




**Figuur 3:** Argitekstekening van die oostelike straataansig van Potchefstroom Unilofts vanaf Steve Bikolaan soos dit aanvanklik beplan is.
(Bron: Bakker-erfenisimpakassessering, p 31.)

Besware teen die ontwikkeling kon tot 25 Julie 2011 aan die munisipale bestuurder of die wyksraadslid gestuur word.[13] Verskeie individue en organisasies het deelgeneem en 'n petisie teen die ontwikkeling, met honderde handtekeninge, is aan die munisipale bestuurder oorhandig.[14] Heritage Potchefstroom Erfenis, wat reeds dekades lank die sterkste kultuurerfenisbewaringsorganisasie in Potchefstroom is, was 'n prominente beswaarmaker. Vir die doel van hierdie artikel word voortaan na die organisasie as Potchefstroom Erfenis verwys. Dit is die voortsetting van die destydse Stigting Simon van der Stel, wat veral op die bewaring van historiese en argitektonies waardevolle geboue gefokus het.

Hoewel die ontwikkelaars in die hersoneringsaansoek beweer het dat "the erven concerned have no cultural, historical or environmental significance", het die

12 MWJ de Jager (Plan Centre Townplanners), hersoneringsaansoek gestuur aan die Tlokwe munisipale bestuurder met aansoekvorm en voorgeskrewe bylaes, 2011-06-28. Kennisgewings van die hersoneringsaansoek is in die *Potchefstroom Herald* en die *North West Provincial Gazette* geplaas.

13 Anoniem, Nog 'n oue moet padgee, *North West Independent*, 2011-07-13, p 1; Cheryl Botha, Golden oldie's days may be numbered, *Potchefstroom Herald*, 2011-07-29, p 12.

14 Anoniem, Goeie nuus vir huis wat moet padgee, *North West Independent*, 2011-08-10.

Tlokwe-munisipaliteit se webwerf "cultural, historical, political, military and architectonic importance" aan die Piet Malanhuis toegeskryf.[15] Bemoedigend was dat die hoof van die Noordwes-erfenisraad se permitkomitee tydens 'n besoek aan die Piet Malanhuis besluit het dat dit erfeniswaarde het en dat 'n slopingspermit nie uitgereik sou word nie.[16]

Op 4 November 2011 het die belanghebbendes deelgeneem aan 'n ter plaatse inspeksie van die beoogde ontwikkelingsterrein en 'n vergadering van die munisipale grondkomitee, waar besware teen die ontwikkeling aangehoor is.[17] Daarna het Tlokwe se Dorperaad die ontwikkelaars se hersoneringsaansoek in beginsel goedgekeur. Wat die sloping van die bestaande geboue, insluitend die Piet Malanhuis betref, was die voorwaarde dat geen struktuur sonder 'n slopingspermit, uitgereik deur die provinsiale erfenishulpbronowerheid, gesloop kon word nie.[18] Nadat Tlokwe se stadsraad toestemming verleen het, het die uitvoerende burgemeester op 23 April 2012 die Unilofts-woonstelontwikkeling finaal goedgekeur met 'n aantal voorwaardes. 'n Boulyn van ses meter langs Steve Bikolaan moes gehandhaaf word en die eikelaan moes nie beskadig word nie. Die sloping van geboue van 60 jaar en ouer moes eers deur die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) en die stadsraad goedgekeur word. Geen gebou waarop die bepalings van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne van toepassing was, mag beskadig of afgebreek word alvorens die provinsiale erfenishulpbronowerheid amptelike toestemming daarvoor gegee het nie.[19] Die munisipale bestuurder het beswaarmakers kennis gegee dat hulle 28 dae tyd gehad het om teen die goedkeuring van die projek te appelleer.[20]

Die toekoms van die Piet Malanhuis was ernstig in die weegskaal. In 'n plaaslike koerant is geskryf: "Die gemeensame, landelike karakter van die Bult is deesdae daarmee heen en as die ou Piet Malan-huis in die slag bly, is dit nog 'n spyker in die doodskis van Potchefstroom se ryk erfenis aan historiese huise".[21]

---

15 Cheryl Botha, Piet Malan House has been rezoned, *Potchefstroom Herald*, 2011-11-18, p 24.
16 Anoniem, Goeie nuus vir huis wat moet padgee, *North West Independent*, 2011-08-10.
17 S Tyatya (Tlokwe munisipale bestuurder), kennisgewing van inspeksie en vergadering aan beswaarmakers, g.d.
18 Cheryl Botha, Piet Malan House has been rezoned, *Potchefstroom Herald*, 2011-11-18, p 24.
19 Brief van S Tyatya (munisipale bestuurder) aan Plancentre (agente van die ontwikkelaars), 2012-05-07.
20 Brief van S Tyatya aan beswaarmakers, 2012-05-07.
21 Anoniem, Korrelkop-omie se historiese huis, *Potchefstroom Herald*, 2011-07-29, p 12.

### *Unilofts-erfenisimpakassessering*

Die provinsiale erfenishulpbronowerheid, op aandrang van Potchefstroom Erfenis, het van die ontwikkelaars vereis om eers ’n volledige erfenisimpakassessering te laat doen, voordat die permitte uitgereik kon word. Dié erfenisimpakassessering is deur die deskundige, professor Karel Bakker van die Universiteit van Pretoria se firma Cultmatrix, met die hulp van kundige bewaringsargitekte, Catherine Deacon en Arend Müller, gedoen.[22] Die erfenisimpakassesseringsverslag is op 23 Augustus 2012 aan die ontwikkelaars gelewer.[23]

Prof Bakker het in sy verslag bevind dat die Piet Malanhuis ’n tipiese dorpshuis uit die era van die laat negentiende eeu is, gebaseer op die pioniershuistipologie, dat dit ’n goeie voorbeeld van Victoriaanse argitektuur is, die enigste oorblywende voorbeeld daarvan in Potchefstroom, en dat die meeste bou-elemente van die oorspronklike huis ongeskonde en outentiek is met hoë materiële integriteit. Die koolstoof in die huis is die oudste AGA-stoof in die land. Behalwe argitektoniese waarde, het die huis ook historiese waarde omdat dit vir meer as ’n eeu op Die Bult staan en geassosieer word met talle historiese gebeure wat in Potchefstroom plaasgevind het. Hoewel daar ’n groot behoefte aan studentebehuising naby die universiteit bestaan het, het die Piet Malanhuis se hoë erfeniswaarde en kulturele betekenis die bewaring daarvan genoodsaak en moes dit nie gesloop word nie. Dit moes as artefak en kulturele kapitaal formele beskerming as Graad 3-erfenishulpbron verkry en bewaar en hergebruik word. Daar moes ook ’n deel van die erf waarop die huis gestaan het as ’n buffersone onbebou gelaat word.[24]

Verder was die noordelike deel van Steve Bikorylaan, waar die huis en ’n deel van die historiese eikelaan geleë was, deel van die erfenisryke buurt Die Bult, ’n kenmerkende historiese straattoneel wat by die omliggende landelike gebied aansluit, waarvan die karakter behou moes word. Prof Bakker het die feitelike situasie gekonstateer dat ’n groot deel van Die Bult se betekenisvolle erfenisgeboue reeds verlore was en dat die stadsraad en munisipaliteit geen duidelik geformuleerde ontwikkelingsriglyne gehad het wat kultuurerfenis behoorlik beskerm het nie. Die provinsiale erfenishulpbronowerheid was onverskillig in

22 In ’n huldeblyk aan Karel Bakker na sy afsterwe in 2016 het sy kollega Robert de Jong geskryf: “Karel and I have shared many projects aimed at balancing the needs of heritage conservation versus the need for economic development ... True to his professional ethics, Karel invariably ‘stuck to his guns’ in refusing to accept the disappearance of heritage features until he was satisfied that all the alternatives had been explored.” Robert de Jong, Tribute to Karel Bakker, *The Heritage Portal*, 2016-03-28, https://www.theheritageportal.co.za/article/tribute-karel-bakker, besoek 2024-01-29.

23 KA Bakker, Final HIA for a high density student housing development, pp 1, 5, 6.

24 KA Bakker, Final HIA for a high density student housing development, pp 21–23, 28.

die uitvoering van die verpligtinge kragtens seksies 27, 30 en 31 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne om beskermde erfenishulpbronne en erfenisgebiede te verklaar en erfenisregisters op te stel. Voorkomende maatreëls was nodig om die verdere vernietiging van kosbare erfenis te verhoed.[25]

Die Bakker-verslag het ’n versigtige gebalanseerde benadering aanbeveel waardeur die oprigting van hoëdigtheidstudentebehuising toegelaat kon word op ’n wyse wat die erfenishulpbronne en die omgewingskwaliteit van ’n residensiële gebied bewaar het. Wat die beplande Potchefstroom Unilofts betref het die opstellers van die verslag bevind dat die voorgestelde ontwerp ’n onaanvaarbaar groot en permanente impak op die erfenishulpbronne op die perseel en in die omgewing sou hê en versag moes word. Baie spesifieke aanbevelings is gemaak om die bouplanne so te wysig dat beide die Piet Malanhuis en noordelike Steve Bikolaan se erfeniswaarde behou kon word. Die provinsiale erfenishulpbronowerheid is versoek om die verslag te bestudeer en daarna ’n ingeligte besluit oor die voorgestelde ontwikkeling en die versagting van die erfenisimpak te neem. Daar is gesuggereer dat die ontwikkelaars versoek moes word om gewysigde planne op te trek wat die erfenishulpbronne in ag sou neem. Daar is ook voorgestel dat ’n bewaringsbestuursplan vir die erfenishulpbronne in die gebied opgestel, goedgekeur en gemoniteer moes word.[26]

### *Piet Malanhuis van sloping gered*

Die ontwikkelaars het hulle op die Dorperaad beroep om uitsluitsel te gee oor die sloping van Piet Malanhuis. Wyksraadslid Johnni Steenkamp het namens bewaringsbewustes die slopingsversoek teengestaan. Samesprekings tussen die ontwikkelaars, Potchefstroom Erfenis en ander belanghebbendes in September 2012 het ’n positiewe uitkoms gehad en ’n kompromis is bereik. Die ontwikkelaars, wat nie geld wou verloor deur die goedkeuringsproses van die Unilofts uit te rek nie, het ingestem om nie die huis te sloop nie en die planne van die woonstelle te verander. Die woonstelblokke sou verder van die straatfront geplaas word en die geboue naaste aan die straat sou ’n enkelverdieping hê en dan trapsgewys hoër word na ’n seweverdiepinggebou met die hoogste gedeelte aan die Universiteit se kant. Tuine sou rondom die geboue aangelê word. Die ondergrondse parkeergarage is geskrap om nie deur uitgrawings die eikebome se wortels te beskadig nie. Oorweging is ook gegee om die Piet Malanhuis as opsigterswoning te gebruik.[27] Vandag staan die huis steeds, dien as administratiewe kantore van die woonstelkompleks en word netjies in stand gehou.

25 KA Bakker, Final HIA for a high density student housing development, pp 11, 33–34.
26 KA Bakker, Final HIA for a high density student housing development, pp 2, 34–36.
27 Heritage Potchefstroom Erfenis, Piet Malan-huis gered! g.d. (2012).


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4

Die Unilofts-ontwikkeling kon ’n ander wending geneem het soos wat gebeur het met ’n ander huis met hoë argitektoniese erfeniswaarde langs Cachetplein wat eenvoudig sonder ’n slopingspermit deur die ontwikkelaar platgevee is (weliswaar met negatiewe gevolge vir hom). In ’n ander geval is die aansoek om ’n huis in Molenstraat met historiese en argitektoniese erfeniswaarde te sloop eers afgekeur. Kort daarna is hierdie besluit, onverwags en sonder verdere beraadslaging, omgekeer, wat die vermoede laat ontstaan het dat die ontwikkelaar iemand in ’n besluitnemende posisie op die een of ander wyse oorgehaal het om ’n slopingspermit uit te reik.

Die faktore wat meegehelp het dat die Piet Malanhuis nie ’n soortgelyke lot te beurt geval het nie, word later in die artikel bespreek.




**Figuur 4:** Die Piet Malanhuis soos dit na die voltooiing van die Unilofts-woonstelle gelyk het.
(Foto: Lennie Gouws.)

## Gevallestudie 2: Die historiese eikelaan

### *Aanplanting*

Die tweede gevallestudie is die historiese eikelaan, waar verskillende persone en instansies saamwerk om dit teen agteruitgang te beskerm en weer tot volle glorie te herstel.

Die eerste akkerbome in Potchefstroom is in 1863 by president MW Pretorius se huis, tans ’n museum, aangeplant. Op 20 Augustus 1910, ’n paar maande nadat die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het, het Potchefstroom se stadsraad ’n besluit aanvaar om ’n eikelaan aan te plant. Mnr Reuben Gericke van die munisipaliteit is in beheer van die aanplantingsprojek geplaas. Hy het dadelik met die projek begin, en die eerste fase in 1911 begin en afgehandel. Gericke het die aanplanting van die noordekant, waar die pas voltooide dorpsdam was, begin en met Tom- en Bergstraat (nou Steve Bikolaan en Peter Mokabastraat) langs suidwaarts, daarna een blok weswaarts in Retiefstraat, en weer suidwaarts in Krugerstraat (nou Beyers Naudéstraat) tot by die hoofstraat Potgieterstraat (nou Nelson Mandelarylaan) gedoen. In die tweede fase is die eikelaan suidwaarts verleng langs Kockstraat na Bothastraat (nou Chris Hanistraat) tot by die ingang van die landboukollege. Vandag strek die eikelaan oor 6.84 km, na bewering die langste van sy soort in die Suidelike Halfrond.[28]




**Figuur 5:** Ligging van die eikelaan in Potchefstroom.
(Bron: Die eikelaning van Potchefstroom-webwerf.)

28 L Gouws, Preservation of the historic oak avenue of Potchefstroom, powerpointaanbieding tydens stigtingsvergadering van die “Red ons eikelaan”-projek, 2017-02-15.

Die bome is natgelei uit die watervore wat destyds langs die strate geloop het. Weens die gunstige klimaat en voldoende water uit die leivore het die eikebome dekades lank floreer.

### *Verklaring tot Nasionale Gedenkwaardigheid*

In 1975 was daar sprake dat Tomstraat verbreed en dat ’n deel van die eikelaan verwyder sou word. Die *Potchefstroom Herald* het in berigte en briewekolomme ’n veldtog teen die verwydering van die bome van stapel gestuur.[29] Dit het die gemeenskap opnuut bewus gemaak van die eikelaan. Die PUK-studenteraad het ’n massavergadering belê, en die algemene gevoel was dat die bome onvervangbaar was. Studente het selfs gedreig om hulle aan die bome vas te ketting indien die stadsraad sou voortgaan met die plan om van die bome te verwyder.[30]

’n Petisie, geteken deur talle inwoners, het gelei tot ’n aansoek by die Raad op Nasionale Gedenkwaardighede en in 1977 is die eikelaan tot ’n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar. In die motivering is dit gestel dat die bome waardigheid en estetiese karakter aan die betrokke strate van die dorp verleen. Op die hoek van Lombardstraat (nou James Morokastraat) en Krugerstraat (nou Beyers Naudéstraat) is ’n voetstuk van die klippe van die ou Noordbrug opgerig, waarop die bronsplaat van die Raad op Nasionale Gedenkwaardighede aangebring is.[31]

Met die aanvaarding van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne in 1999 het die eikelaan kragtens seksie 58(11) ’n verklaarde wetlik beskermde erfenishulpbron geword.[32]

29 L Gouws, Preservation of the historic oak avenue of Potchefstroom, powerpointaanbieding tydens stigtingsvergadering van die “Red ons eikelaan”-projek, 2017-02-15.

30 *Die Wapad* (PU-studentekoerant), 1976-03-26.

31 L Gouws, Preservation of the historic oak avenue of Potchefstroom, powerpointaanbieding tydens stigtingsvergadering van die “Red ons eikelaan”-projek, 2017-02-15.

32 Seksie 58(11) bepaal: “Sites and objects which prior to the commencement of this Act were protected by notices in the *Gazette* in terms of the previous Act, shall, subject to the provisions of any provincial legislation for heritage resources conservation and any agreement in that regard, and without the need for the publication of notices in the *Gazette*, continue to be protected”. Subseksie (a) bepaal verder: “Immovable national monuments in terms of section 10 of the previous Act shall be provincial heritage resources sites”. Kyk Republic of South Africa, Government Gazette 406(19974), 1999-04-28, No. 25 of 1999: National Heritage Resources Act, 1999, p 84.

SAJCH/SATKG 38(1), June/Junie 2024 pp 87–103
https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4

***Bedreigings vir die eikelaan***

Hoewel die verklaring van die eikelaan as ’n Nasionale Gedenkwaardigheid verseker het dat die eikebome nie verwyder sou word nie, kon dit nie verseker dat die bome in ’n goeie toestand bly nie. Verskillende faktore het die gesondheid van die bome bedreig. ’n Verslag van die Departement Plantkunde van die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys[33] in 1995 het dié bedreigings in besonderhede ontleed.[34]

Die mees drastiese bedreiging was dat voldoende water nie meer die bome se wortels bereik het nie. In Oktober 1972 is die uitgebreide stelsel van watervore en waterleibeurte in Potchefstroom beëindig. Verder was die ondergrondse watertafel in die dorp besig om te daal. Die bome het afhanklik geword van reënwater en goedgesinde huiseienaars wat dit benat het.[35]

Soos wat bevolkingsverdigting deur hersonering van erwe deur die munisipaliteit en weens die groeiende studentebevolking toegeneem het, was daar al hoe meer harde beboude oppervlakke van beton, teer en plaveistene in die woongebiede, wat veroorsaak het dat selfs in die reënseisoen al minder water tot by die boomwortels kon deurdring. Al hoe meer motors is ook vir koelte onder die bome geparkeer, wat die grond rondom die stamme verder gekompakteer het. Weens ’n tekort aan water en suurstof het van die bome begin doodgaan.[36]

’n Ander bedreiging vir die bome was insekplae (veral plantluise en termiete) en plantsiektes (veral swamsiektes). Dit is ’n normale verskynsel wat deur gesonde bome weerstaan kan word, maar omdat die bome reeds weens waternood verswak was, het dele van sommige bome doodgegaan.[37]

---

33 Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) is sedert 2004 die Noordwes-Universiteit (NWU) nadat dit met ander instellings saamgesmelt het.

34 B Ubbink et al., Die Potchefstroomse eikeboomlaning: ’n verslag oor die ondersoek na die terugsterwingsprobleem (Potchefstroom: PU vir CHO, 1995).

35 B Ubbink et al., Die Potchefstroomse eikeboomlaning: ’n verslag oor die ondersoek na die terugsterwingsprobleem, pp 3, 10–11; S Cilliers, Potchefstroom oak avenue, powerpointaanbieding tydens stigtingsvergadering van die “Red ons eikelaan”-projek, 2017-02-15.

36 S Cilliers, Potchefstroom oak avenue, powerpointaanbieding tydens stigtingsvergadering van die “Red ons eikelaan”-projek, 2017-02-15.

37 B Ubbink et al., Die Potchefstroomse eikeboomlaning: ’n verslag oor die ondersoek na die terugsterwingsprobleem, pp 10–14, aanhangsel 3 (7 pp); S Cilliers, Potchefstroom oak avenue, powerpointaanbieding tydens stigtingsvergadering van die “Red ons eikelaan”-projek, 2017-02-15.

Forensiese rekenkundestudente van die Noordwes-Universiteit (NWU) het ’n opname gedoen en in 2018 bevind dat van die meer as 700 bome in die eikelaan 114 reeds verwyder, 9 dood en 20 baie siek was.[38]

### *Erfeniswaarde van die eikebome*

Die waarde van erfenisbome, wat oor geslagte heen strek, word internasionaal erken en daarom word dit as die taak van die huidige geslag beskou om hulle te bewaar as ’n volhoubare erfenis vir toekomstige geslagte.[39] Vir hierdie afdeling is toepaslike bronne in die uitgebreide sekondêre literatuur oor die waarde van bome in stedelike gebiede geraadpleeg. Verskillende aspekte van die erfeniswaarde van bome word onderskei:

- Gemeenskaps- en sosiale waarde: Die hoë eikebome van Potchefstroom dra by tot die vergroening van die dorp in die lente en somer. Behalwe die estetiese waarde wat hulle aan strate en woongebiede verleen, verskaf alle bome, veral groot ou bome soos Potchefstroom se eike, ’n verskeidenheid sosiale voordele. Omdat hulle lank op dieselfde plek staan, word hulle draers van die plaaslike geskiedenis. Inwoners raak gewoond aan hulle en sien hulle as bakens in die landskap. Deur die mense van die buurt aan die omgewing te verbind bevorder bome maatskaplike saamhorigheid, ’n gemeenskapsgevoel en die skep van ’n unieke plaaslike identiteit. Hulle skep aantreklike groen ruimtes met ’n rustige atmosfeer waar mense in die buitelug kan byeenkom vir sosiale interaksie.[40] Die deel van Potchefstroom se eikelaan wat grens aan die universiteit en Cachetpark is ’n miernes van bedrywigheid rondom klein besighede en restaurante, soos op die foto in figuur 6 gesien kan word.

---

38 Marianke Saayman, Forensiese rekenkunde studente tel eikebome, *Potchefstroom Herald*, 2017-02-09. Die resultate is vervat in Noordwes-Universiteit, Akkerlaan-projek (deur Forensiese rekenkundestudente), 2018, excell-spreivel. Kyk ook Christian Herselman, Nuwe bewusmakingstrategieë om eikelaning te red, *Wapad*, 2018-02-22.

39 Daar bestaan reeds ’n uitgebreide literatuur oor hierdie onderwerp. Kyk onder meer: YJ Chi, Urban heritage trees: natural-cultural significance informing management and conservation, in YJ Chi en YT Puay (redakteurs), *Greening cities: forms and functions* (Singapoer: Springer, 2017), pp 279–305. Kyk die literatuuroorsig in RE Jones, KL Davis en J Bradford, The value of trees: factors influencing homeowner support for protecting local urban trees, *Environment and Behavior* 45(5), 2013, pp 650–676.

40 Canopy Consulting, Trees improve the quality of life in urban areas, 2021-09-23, https://www.linkedin.com/pulse/trees-improve-quality-life-urban-areas-canopy-consulting-arborists/, besoek 2024-03-19; Netta Weinstein et al., Seeing community for the trees: The links among contact with natural environments, community cohesion, and crime, *Bioscience* 65(12), Desember 2015, pp 1141–2; Ruth Wilson, People and trees: An intimate connection, *American Forests*, 2013-09-12,



**Figuur 6:** Die eikelaan soos dit by die Bult Sakesentrum langs Cachetpark daar uitsien. (Foto: Lennie Gouws.)

- Ekologiese en omgewingswaarde: Bome is belangrike komponente van stedelike ekosisteme, wat verskeie ekosisteemdienste lewer. Hulle verskaf suurstof en verbeter die kwaliteit van die lug deur stof en besoedelingstowwe te absorbeer. Hulle skaduwees help om die mikroklimaat te reguleer deur die lug- en grondtemperatuur in die somer af te koel en die sypaadjies en geboue se hitte-eilandeffek te verminder. Verder dien bome as skerms teen wind en geraasbesoedeling. Hulle verbeter die grond se deurdringbaarheid en kan vloedskade verminder deur die afloop van stormwater te vertraag. Bome vorm habitatte vir voëls, vlermuise en insekte en help sodoende om die biodiversiteit in die stedelike omgewing in stand te hou.[41] Potchefstroom se eikelaan, wat

https://www.americanforests.org/article/people-and-trees-an-intimate-connection/, besoek 2024-03-20; Mysha Clarke et al., Factors that enhance or hinder social cohesion in urban greenspaces: A literature review, *Urban Forestry & Urban Greening* 84, Junie 2023, p 1; Georgia Forestry Commission, Trees help community interaction grow, g.d., https://gatrees.org/learn-explore/social-cultural-benefits-of-trees/, besoek 2024-03-20.

41 Clare Burgess, The importance of trees in livable cities, powerpointaanbieding, Stellenberg Tuinklub, Junie 2018, skyfies 9–11; Daniel Jato-Espino et al., A systematic review on the ecosystem services provided by green infrastructure, *Urban Forestry & Urban Greening* 86, Augustus 2023, p 1; Mahmuda Sharmin et al., Tree crown traits and planting context contribute to reducing urban

’n groen sone van byna sewe kilometers deur die dorp vorm, verskaf al hierdie ekosisteemdienste.

- Waarde vir persoonlike welsyn: Die psigologiese en fisiologiese voordele van bome, wat die gesondheid en geluk van stedelike inwoners van alle ouderdomme help verbeter, is deur talle wetenskaplike studies bevestig. Bome kan mense se geestelike welstand bevoordeel deur ’n rustige atmosfeer te skep wat positiewe emosies opwek. Bome help mense om meer bewus van en in harmonie met hulle omgewing te wees. Omdat die natuur die negatiewe effek van lewenspanning versag, vind mense met angs en depressie soms vertroosting, opbeuring en spirituele genesing by bome.[42] Omdat bome die lugkwaliteit en mikroklimaat verbeter en ruimtes vir fisiese oefening, buitelugaktiwiteite en ’n aktiewe lewenstyl skep, het hulle ook ’n positiewe invloed op mense se fisiese gesondheid.[43]
- Eiendoms- en ekonomiese waarde: Aangesien bome die fisiese omgewing verfraai, verhoog hulle eiendomswaarde. Studies het vasgestel dat huispryse in ’n stedelike gebied met goedgevestigde bome hoër is as die gemiddeld in die res van die stad.[44] Groen ruimtes by sakesentrums lok klante na plaaslike ondernemings. Skadubome bespaar plaaslike owerhede ook geld deur besteding aan energieverbruik en die herstel

heat, *Urban Forestry & Urban Greening* 83, May 2023, p 1; Longfeng Wu and Chongxian Chen, Does pattern matter? Exploring the pathways and effects of urban green space on promoting life satisfaction through reducing air pollution, *Urban Forestry & Urban Greening* 82, April 2023, p 1; West Creek Conservancy, Roots of sustainability: Understanding the importance of trees in urban living, 2024-02-22, https://westcreek.org/watershed-resources/roots-of-sustainability-understanding-the-importance-of-trees-in-urban-living/, besoek 2024-03-20; Jessica B Turner-Skoff and Nicole Cavender, The benefits of trees for livable and sustainable communities, *Plants, People, Planet* 1(4), Oktober 2019, pp 323, 324, 326, 327.

42 Marcel Cardinali et al., Examining green space characteristics for social cohesion and mental health outcomes: A sensitivity analysis in four European cities, *Urban Forestry & Urban Greening* 93, Maart 2024, p 1; Shiyi Guo et al., Cultural ecosystem services show superiority in promoting subjective mental health of senior residents: Evidences from old urban areas of Beijing, *Urban Forestry & Urban Greening* 86, Augustus 2023, p 1; MS Syamili et al., Happiness in urban green spaces: A systematic literature review, *Urban Forestry & Urban Greening* 86, August 2023, p 1; Jianjiao Liu and Raymond James Green, The effect of exposure to nature on children’s psychological well-being: A systematic review of literature, *Urban Forestry & Urban Greening* 81, March 2023, p 1; McMaster University, Trees in the city: The roots of health and well-being, 2021-02-24, https://www.google.com/search?client=firefox-b-d&q=McMaster+University%2C+Trees+in+the+city%3A+The+roots+of+health+and+well-being, besoek 2024-03-20.

43 Wenwen Huang en Guangsi Lin, The relationship between urban green space and social health of individuals: A scoping review, *Urban Forestry & Urban Greening* 85, Julie 2023, p 1; Shan Yin, Wendy Y Chen en Chunjiang Liu, Urban forests as a strategy for transforming towards healthy cities, *Urban Forestry & Urban Greening* 81, Maart 2023, p 1.



**Figuur 7:** Die grootste en indrukwekkendste van die eikelaan se bome aan die noordekant oorkant die rektorswoning en naby die Potchefstroom Dam. (Foto: Gert van der Merwe.)

van teerpaaie te verminder en verlies aan arbeidsproduktiwiteit weens hitte te voorkom.[45]

Uit bostaande is dit duidelik dat bome, veral groot bome met erfeniswaarde, ’n aansienlike bydrae lewer om die lewenskwaliteit van stedelinge te verbeter deur ’n reeks voordele op die estetiese, sosiale, kulturele, ekologiese, spirituele en ekonomiese terreine te bied. Hulle dra by om die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte te verwesenlik[46] en help om leefbare en volhoubare gebiede te skep en ’n dorp of stad “more people-friendly, attractive, greener,

44 Ashby Lavelle Sachs, Angela E Boag en Austin Troy, Valuing urban trees: A hedonic investigation into tree canopy influence on property values across environmental and social contexts in Baltimore, Maryland, *Urban Forestry & Urban Greening* 80, Februarie 2023, p 1; Jian Lin et al., Impacts of street tree abundance, greenery, structure and management on residential house prices in New York City, *Urban Forestry & Urban Greening* 94, April 2024, p 1.

45 Laurence Jones et al., Economic value of the hot-day cooling provided by urban green and blue space, *Urban Forestry & Urban Greening* 93, Maart 2024, p 1.

46 Jessica B Turner-Skoff and Nicole Cavender, The benefits of trees…, *Plants, People, Planet* 1(4), Oktober 2019, p 323.

sustainable and economically competitive"[47] te maak. Dus is die beskerming en bewaring van stedelike bome vir plaaslike inwoners nie net 'n verantwoordelikheid nie, maar ook 'n noodsaaklikheid vir die welsyn van die plek en inwoners.[48] In Potchefstroom het die 700 bome van die eikelaan 'n besondere plek in die harte van die inwoners, soos weerspieël in die plaaslike koerante en in gedigte en liedere oor die eikelaan.[49]

In die bewaringsbestuursplan vir die eikelaan verskyn die volgende waardebepalingsverklaring:

> Die eikebome van die eikelaan het talle besondere eienskappe, insluitende hul ouderdom, grootte, en hul estetiese, gemeenskaps-, sosiale, ekologiese, omgewings-, persoonlike, simboliese, spirituele en ekonomiese waarde. Weens hul teenwoordigheid in Potchefstroom vir meer as 'n eeu tydens verskillende tydperke het hulle baie historiese en erfeniswaarde en kan hulle as spesiale bome beskou word. Minstens vyf van die nege kriteria volgens seksie 3(3) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne om die kulturele betekenis van 'n erfenishulpbron te bepaal, geld vir die eikelaan. Dus is dit 'n betekenisvolle erfenishulpbron wat besondere beskerming onder die wet regverdig.[50]

### *"Red ons Eikelaan"-projek*

Uit die geledere van Potchefstroom Erfenis het mev (later dr) Lennie Gouws die inisiatief geneem om 'n projek vir die herstel van die eikelaan te loods. Lennie, 'n navorser en kenner van Potchefstroom se geskiedenis en erfenis, het oor jare heen met haar artikels in die plaaslike koerant, bloginskrywings en boekpublikasies meer as enige iemand gedoen om Potchefstromers bewus te maak van die dorp se historiese erfenis.

---

47 O Ananyeva en R Emmanuel, Street trees and urban heat island in Glasgow: Mitigation through the 'Avenue Programme', *Urban Forestry & Urban Greening* 86, Augustus 2023, p 1. Kyk ook Joy Sather-Wagstaff, Trees as reappropriated heritage in popular cultures of memorialization: The rhetoric of resilient (human) nature, *in* Mike Robinson en Helaine Silverman (reds), *Encounters with popular pasts – cultural heritage and popular culture* (Springer, 2015), p 235.

48 Clare Burgess, The importance of trees in livable cities, powerpointaanbieding, Stellenberg Tuinklub, Junie 2018, skyfie 8; Malgorzata Blicharska and Grzegorz Mikusinski, Incorporating social and cultural significance of large old trees in conservation policy, *Conservation Biology* 28(6), 2014, p 1558.

49 Vir voorbeelde, kyk L Gouws, Preservation of the historic oak avenue of Potchefstroom, powerpointaanbieding tydens stigtingsvergadering van die "Red ons eikelaan"-projek, 2017-02-15.

50 JA du Pisani, Oak Avenue (Eikelaan) Potchefstroom: Conservation Management Plan (CMP), June 2019, p 4. Skrywer se Afrikaanse vertaling.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4

By ’n vergadering in Februarie 2017 is die “Red ons Eikelaan”-projek geloods. ’n Verskeidenheid rolspelers is uit die staanspoor betrek: Potchefstroom Erfenis, die Parke-afdeling van Tlokwe-munisipaliteit, die Potchefstroomse Sakekamer, die Bult Besigheidsforum, verskeie afdelings van die Noordwes-Universiteit, wykskomitees en skole langs die eikelaan, die plaaslike koerante, en so meer. Later het die Cachetpark CID (City Improvement District) en Afriforum ook aangesluit. Lennie Gouws en prof Sarel Cilliers van die NWU se Departement Plantkunde het by die stigtingsvergadering powerpoint-aanbiedings gedoen en ’n plan vir die herstel van die eikelaan is voorgestel. Daar is besluit dat die eikelaanbelangegroep as ’n subkomitee van Potchefstroom Erfenis onder die voorsitterskap van Lennie Gouws sou funksioneer.[51] Hierdie eikelaankomitee het sedertdien gereeld (ongeveer kwartaalliks) vergader.

Die volgende resultate het uit die projek voortgespruit:

- Bewusmaking: Deur ’n inligtingsbrosjure, berigte in plaaslike en nasionale koerante, ’n Facebook-bladsy, skoolbesoeke, inligtingsborde by die Bult-sakesentrum en bewusmakingsaktiwiteite tydens die Aardklopkunstefees is die gemeenskap van Potchefstroom en die algemene publiek deeglik bewus gemaak van kwessies rondom die eikelaan en die vordering met die projek. Huiseienaars langs die eikelaan is ingelig wat hulle kon doen om die bome op die sypaadjies in stand te hou.[52]
- Navorsing: Die departemente van Geskiedenis, Plantkunde, Stads- en Streeksbeplanning en Forensiese Rekeningkunde aan die NWU het verskeie aspekte van die eikelaan ondersoek, wat ’n stewige databasis van wetenskaplike inligting geskep het.[53] Hierdie inligting is gebruik om potensiële oplossings vir die herstel van die eikelaan te ontwikkel.
- Fondsinsameling: Met behulp van veral die Potchefstroomse Sakekamer en verskeie ander instansies, soos die Potchefstroomse Kunsvereniging, is op verskeie maniere (donasies, kunsuitstallings, pretlope, ensovoorts) fondse vir die projek ingesamel.

51 Heritage Potchefstroom Erfenis, Notule van vergadering insake eikebome, Potchefstroom Hoofmuseum, 2017-02-15. Vir die latere verbintenis met die Cachetpark CID kyk Lennie Gouws, Erfenis vat hande met Cachetpark CID, Heritage Potchefstroom Erfenis nuusbrief 2/2019, April 2019, p 1.

52 Heritage Potchefstroom Erfenis, Help save our precious oak avenue, inligtingsbrosjure, 2017.

53 Kyk byvoorbeeld S Ludick, JM Berner, RD Coertze en S Cilliers, Gesondheidsevaluasie van stedelike eike (*Querus robur* L.) met behulp van fisiologiese parameters: ’n Suid-Afrikaanse gevallestudie, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* 42(1), 2023, pp 24–42.



**Figuur 8:** Demi-Leigh Nel-Peters (Mej Suid-Afrika, later Mej Heelal) besoek Potchefstroom ter ondersteuning van die eikebome.
(Bron: *Potchefstroom Herald,* 26 September 2017.)




**Figuur 9:** Voorbeeld van 'n advertensie vir 'n fondsinsamelingsprojek vir die eikelaan.
(Bron: "Red Potch se eike"-WhatsApp-groep, 23 Mei 2023.)

SAJCH/SATKG 38(1), June/Junie 2024 pp 95–103
https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4

- Instandhouding van bome, behandeling van siek bome, en aanplanting van nuwe bome: In samewerking met die Parke-afdeling van die munisipaliteit en die Departement Plantkunde van die NWU is dooie bome verwyder, aandag aan siek bome gegee, en nuwe bome aangekoop en plaaslik by die NWU-kwekery gekweek en aangeplant om die verwyderde bome te vervang. Die eerste nuwe boom is op Boomplantdag, 1 September 2017, onder mediadekking op ’n prominente plek voor die Akker Koffiehuis in die Bult-sakesentrum langs Cachetplein aangeplant.[54] In 2021 en 2022 is 38 van die plaaslik gekweekte eikebome in die eikelaan geplant om verwyderde dooie bome te vervang.[55] Tydens boomplantweek in September 2023 is nog sewe nuwe bome aangeplant. Laerskoolleerlinge van Mooirivier Laerskool en Potchefstroom Central Primary School het 24 boompies van saad gekweek.[56]




**Figuur 10**: Advertensie vir ’n boomplantaksie.
(Bron: “Red Potch se eike”-WhatsApp-groep, 3 Maart 2022.)

54 Marianke Saayman, Eerste nuwe boom om eikelaan te red, *Potchefstroom Herald*, 2017-08-31.
55 Heritage Potchefstroom Erfenis, “Red Potch se eike”-WhatsApp-groep, 38 nuwe bome aangeplant tussen 2021 en 2022.
56 Heritage Potchefstroom Erfenis, “Red Potch se eike”-WhatsApp-groep, update November 2023, 2023-12-04.

- Die opstel van bewaringsbestuursplan: In 2019 is ’n bewaringsbestuursplan vir die eikelaan voltooi. Die plan sluit onderafdelings oor die geskiedenis van die eikelaan, die waarde en betekenis daarvan, die onbevredigende bewaringstoestand in daardie stadium, die take van die onderskeie rolspelers, die regulatoriese raamwerk met die toepaslike beginsels, wette en regulasies, die doelstellings van die bewaringsbestuursplan en die voorgestelde bestuursbeleid om die doelstellings te verwesenlik.[57]

- Verklaring as “precinct”: Daar is ook met die hulp van prof Ernst Drewes en dr Karen Puren van die NWU se Departement Stads- en Streeksbeplanning begin met ’n aansoek om die eikelaan (die sypaadjies van die strate waar die eikebome staan) as ’n bewaringsgebied (“precinct”) in die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (MSDF: Municipal Spatial Development Framework) van die JB Marks Plaaslike Munisipaliteit te verklaar.[58] Die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur (SPLUMA: Spatial Planning and Land Use Management Act) van 2013 vereis dat elke munisipaliteit ’n MSDF insluit by sy geïntegreerde ontwikkelingsplan (IDP: Integrated Development Plan).[59] Die MSDF moet onder meer gebiede, genoem “precincts”, identifiseer waar dit nodig is om meer gedetailleerde plaaslike planne te ontwikkel. Die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming het in 2017 riglyne vir Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerke (SDFs) gepubliseer, waarin ook die begrip “precinct” omskryf is en verduidelik is uit watter elemente ’n “Precinct Plan” moet bestaan en watter proses gevolg moet word om die “Precinct Plan” te ontwikkel en goedgekeur te kry.[60]

57 JA du Pisani, Oak Avenue (Eikelaan) Potchefstroom: Conservation Management Plan (CMP), June 2019, 12 pp. Kyk Kobus du Pisani, Bewaringsbestuursplan vir eikelaan, Heritage Potchefstroom Erfenis nuusbrief 4/2019, November 2019, p 1.

58 Heritage Potchefstroom Erfenis, Minutes of the Historic Oak Avenue interest group meeting held at the offices of the Cachet Park CID, 16 May 2019. Kyk ook Lennie Gouws, Bewaring van eikelaan staan op sterker bene, Heritage Potchefstroom Erfenis nuusbrief 3/2019, Julie 2019, p 2.

59 Republic of South Africa, Government Gazette 578(36730), 2013-08-05, Act No. 16 of 2013: Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013, chapter 4, part E, section 20, p 32.

60 Republic of South Africa, Department of Rural Development and Land Reform, SDF guidelines: Guidelines for the development of provincial, regional and municipal Spatial Development Frameworks and Precinct Plans (Pretoria: The Department, 2017), pp 85–95.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4

**Kritiese suksesfaktore vir volhoubare erfenisbewaring en -bestuur**

Uit die gevallestudies kan afleidings oor kultuurerfenisbewaring gemaak word. Basies kom dit daarop neer dat die bewaring deur gemeenskappe van hul kosbare erfenis effektiewe projekbestuur vereis en dat die universele vereistes vir suksesvolle projekbestuur geld.[61] Dit sluit die volgende elemente in:

Eerstens vereis dit passievolle en kundige leierskap. Sonder goeie leierskap kom geen projek van die grond af nie. Die gemeenskap in Potchefstroom was bevoorreg dat die opeenvolgende voorsitters van die primêre erfenisbewaringsorganisasie, Potchefstroom Erfenis, ’n vurige passie vir erfenisbewaring gehad het en oor die nodige agtergrondkennis en gesag beskik het.[62] Hierdie persone, met die volle ondersteuning van Potchefstroom Erfenis se bestuur en lede, het die dryfkrag gehad om bewaringsprojekte, onder meer die twee gevallestudies wat in hierdie artikel bespreek is, energiek deur te voer. In die geval van die Piet Malanhuis was dit die destydse voorsitter van Potchefstroom Erfenis, Steven Bosch, wat as skakelpersoon tussen Potchefstroom Erfenis, die ontwikkelaars, die opstellers van die erfnisimpakassesseringsverslag en die provinsiale erfenishulpbronowerheid opgetree het. By die eikelaanprojek het Lennie Gouws as bestuurslid van Potchefstroom Erfenis aanvanklik sterk leiding geneem om die bewaringsaksie van die grond te kry.

Die tweede vereiste vir suksesvolle projekbestuur is duidelike doelstellings. Die doel van wat uiteindelik bereik moet word, moet duidelik wees. Die langtermyndoelstellings moet in elke aksie as baken in die oog gehou word. In die geval van die Piet Malanhuis was die doelstelling om te keer dat die huis gesloop word en te verseker dat dit behou en volhoubaar benut word. In die geval van die eikelaan was dit om in samewerking met die gemeenskap verdere agteruitgang in die toestand van die bome teen te werk, nuwe bome aan te plant om die dooie bome te vervang en die toestand van die bome deurlopend te moniteer.[63] Die

61 Daar bestaan ’n reuseliteratuur oor die kritiese suksesfaktore vir projekbestuur. Die suksesfaktore wat in hierdie artikel ingesluit word, is gebaseer op vereenvoudigde skemas wat van die wetenskaplike navorsing in die veld afgelei is, byvoorbeeld deur Galina Vasiljkuk, Critical success factors in project management: top ten explained, Plaky blog, 2022-12-01, https://plaky.com/blog/critical-success-factors-in-project-management/, besoek 2023-01-04.

62 Van die 1990’s tot vandag was mev Rieks van der Walt en mnre Steven Bosch en Johan Wolfaardt die voorsitters.

63 L Gouws, Preservation of the historic oak avenue of Potchefstroom, powerpointaanbieding tydens stigtingsvergadering van die “Red ons eikelaan”-projek, 2017-02-15; Heritage Potchefstroom Erfenis, Notule van vergadering insake eikebome, Potchefstroom Hoofmuseum, 2017-02-15.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4

langtermynideaal is om 'n bewaringstatus te bereik waar al die bome gesond is en die sin van plek wat met die eikelaan geassosieer word, in stand te hou.[64] Van die langtermyndoelstellings af is teruggewerk na die medium- en korttermyndoelwitte om vas te stel wat in die kort en medium termyn gedoen moes word om die uiteindelike doelstelling te verwesenlik. Die eikelaankomitee is in subkomitees verdeel om die verskillende aspekte van die projek te hanteer.[65]

Effektiewe kommunikasie is 'n derde kritieke suksesfaktor. Die meeste bewarings-organisasies, veral op die platteland, dus ook Potchefstroom Erfenis, ondervind probleme om genoeg aktiewe lede te werf. Veral jonger mense, wat op hul loopbane en gesinne fokus, het gewoonlik nie tyd vir hierdie tipe gemeenskapsaktiwiteite nie. Hoewel dit nie altyd maklik is om die gemiddelde lid van die plaaslike gemeenskap te motiveer om aktief by erfenisbewaring betrokke te raak nie, is bewusmaking 'n belangrike deel van bewaringsbestuur. Veral in die Afrikaanse gemeenskap, waarvan die politieke mag om nasionale beleid te beïnvloed sedert 1994 drasties ingekort is, is daar goeie potensiaal om steun te werf vir plaaslike projekte wat die alledaagse lewe van mense in hul eie omgewing kan verbeter. Hiervoor is gereelde en goeie eksterne kommunikasie met die publiek en akkurate interne kommunikasie tussen die verskillende rolspelers noodsaaklik.

Wat die Piet Malanhuis betref is die eksterne kommunikasie hoofsaaklik via die plaaslike koerante, die *Potchefstroom Herald* en die *North West Gazette*, gedoen. Daar was ook dekking in *Beeld*. Die inwoners van Potchefstroom is bewus gemaak van die gevaar dat die huis gesloop kon word. Die hele stryd om die huis te red, het ongeveer twee jaar (2010–2012) geduur en daar was nie geleentheid om, buiten Potchefstroom Erfenis en die wyksraadslid, baie belanghebbendes by die onderhandelings met die ontwikkelaars te betrek nie. Tog was Potchefstroom Erfenis deur die bewusmakingsveldtog verseker van morele steun uit die gemeenskap.

Omdat die eikelaanprojek 'n aaneenlopende projek oor 'n lang tydperk is, is die kommunikasie daaroor nie slegs met behulp van sporadiese koerantberigte hanteer nie, maar is daar op 'n groot skaal van elektroniese en sosiale media gebruik gemaak. 'n Facebook-bladsy en 'n WhatsApp-groep is onder meer geskep, waar Danell de Wet vir jare reeds 'n sleutelrol speel en wat die belanghebbendes

64 JA du Pisani, Oak Avenue (Eikelaan) Potchefstroom: Conservation Management Plan (CMP), June 2019, pp 9–10.

65 Heritage Potchefstroom Erfenis, Notule van vergadering van die Eikelaan Belangegroep, Potchefstroomse Hoofmuseum, 2017-05-18.


https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4

op ’n deurlopende basis oor vordering met die projek ingelig hou. Die outeur van hierdie artikel, wat tans 1300 km van Potchefstroom woon, bly ingelig oor die eikelaanprojek. Deurlopende kommunikasie het ’n belangrike rol in fondsinsameling en in aktiwiteite vir die bewaring van bome en die aanplanting van nuwe bome gespeel.

’n Bevoegde span medewerkers is ’n vierde vereiste vir kultuurerfenisbewaringsprojekte. Hoewel individuele leierskap onontbeerlik is om ’n bewaringsprojek te inisieer, het enkelinge nie die kapasiteit om ’n omvattende projek, soos die eikelaanprojek, op hul eie aan die gang te hou nie. Hulp van verskillende rolspelers in die gemeenskap word vereis om ’n bewaringsbestuursplan te ontwikkel en te implementeer. Kundigheid is nodig, hetsy plaaslike kundigheid of kundigheid van buite die gemeenskap. As ’n universiteitsdorp beskik Potchefstroom oor bogemiddelde kundigheid, ook op die terrein van bewaringsbestuur.

In die geval van die Piet Malanhuis was daardie kundigheid nie beperk tot die bestuur van Potchefstroom Erfenis nie. Van buite die dorp het prof Karel Bakker, as leier van die erfenisimpakassessering, ’n krities belangrike rol gespeel deur aan die een kant nie die studentebehuisingsprojek af te keur nie, maar tog die erfeniswaarde van die Piet Malanhuis sterk uit te lig, en sinvolle voorstelle te maak om die huis te red deur die argiteksplanne in ooreenstemming met seksie 34 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne aan te pas. Sodoende is beide die ontwikkelaars en die bewaringsbewustes tevrede gestel.

Erfenis Potchefstroom se eikelaanprojek het uit die staanspoor, van die eerste vergadering in 2017 af, ’n verskeidenheid belanghebbendes in Potchefstroom betrek. Lennie Gouws het in haar aanbieding by die loodsvergadering beklemtoon dat die bewaring van die eikelaan nie die uitsluitlike verantwoordelikheid was van die stadsraad, wat dit as ’n monetêre bate ter waarde van ’n paar miljoen rand in die Tlokwe-munisipaliteit (tans die JB Marks Plaaslike Munisipaliteit) se IDP ingesluit het nie. Die eienaars van die eiendomme op wie se sypaadjies die eikebome geplant was, was medeverantwoordelik vir hul instandhouding.[66] Die insette van al die verskillende rolspelers word in die notules van die vergaderings van die eikelaankomitee weerspieël. Wat die bewaring van die bome betref kan niks sonder die goedkeuring van die munisipaliteit as eienaar gedoen word nie. Daarom is van die begin af ten nouste met die parke-afdeling van die munisipaliteit (veral mnr Thomas Muswede as hoof) saamgewerk.

66 L Gouws, Preservation of the historic oak avenue of Potchefstroom, powerpointaanbieding tydens stigtingsvergadering van die “Red ons eikelaan”-projek, 2017-02-15.

Omdat Potchefstroom ’n universiteitsdorp is, is daar nie ’n gebrek aan kundigheid op verskeie toepaslike terreine nie. Sowel historici, plantkundiges (prof Sarel Cilliers), stads- en streeksbeplanners (dr Karen Puren en prof Ernst Drewes) en tegniese personeel van die Noordwes-Universiteit, as erfeniskundiges verbonde aan die plaaslike museums het kundige insette tot die eikelaanprojek bygedra. Die Potchefstroom Sakekamer en die Bult Besigheidsforum het veral met fondsinsamelingsprojekte gehelp. Skoliere en studente het onder leiding van Afriforum met die maak van beddings en die aanplant van bome gehelp. Laerskoolkinders het ook deelgeneem aan ’n projek om akkerbome van saad te kweek. Dus is die eikelaanprojek ’n ware gemeenskapsaksie met genoeg momentum om volhoubaar voortgesit te word.

Steun van die owerhede is ’n vyfde faktor wat nodig is vir suksesvolle bewaringsprojekte. In bewaringsbestuur moet altyd binne die regulatoriese raamwerk van die toepaslike wetgewing gehandel word in oorleg met die betrokke owerheidsinstansies. Dit is ook in die twee gevallestudies gedoen.

In die geval van die Piet Malanhuis was die Noordwesprovinsie se provinsiale erfenishulpbronowerheid Erfenis Potchefstroom se vernaamste bondgenoot om die huis te red, omdat dit die owerheid was wat moes besluit of ’n slopingspermit uitgereik kon word. Die Unilofts-ontwikkelaars het begin besef dat hulle waarskynlik deur die toepassing van die erfeniswetgewing verhoed sou word om die huis te sloop en het hulle, eerder as om hul projek te vertraag, ingewillig om die bouplanne aan te pas om die huis te behou.



**Figuur 11:** Jongmense maak en beplant beddings rondom ’n eikeboom by die Bultsakesentrum.
(Bron: “Red Potch se eike”-WhatsAppgroep.)

SAJCH/SATKG 38(1), June/Junie 2024 pp 101–103
https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4

In die geval van die eikelaan is die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, die Nasionale Omgewingsbestuurswet (NEMA: National Environmental Management Act) en die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur (SPLUMA: Spatial Planning and Land Use Management Act) die primêre wette en moet wette oor munisipale bestuur asook plaaslike bywette in ag geneem word. As verklaarde erfenishulpbron geniet die eikelaan wetlike beskerming. Stadsbeplanners het die eikelaankomitee aangeraai om die eikelaan ruimtelik te definieer deur dit as 'n bewaringsgebied ("precinct") in die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (MSDF) van die JB Marks Plaaslike Munisipaliteit te laat verklaar. Hierdie omslagtige burokratiese proses is nog nie afgehandel nie, maar is op die stadsraad se sakelys vir insluiting in die volgende geïntegreerde bestuursplan (IDP) vir Potchefstroom.[67] Wanneer dit in die MSDF en IDP ingesluit is, sal die eikebome baie sterker wetlike beskerming as tevore geniet.

## Ten slotte

Dit het mettertyd tot die burgerlike samelewing deurgedring dat die regering eenvoudig nie oor die kapasiteit beskik om take soos erfenisbewaring doeltreffend te verrig nie. Toenemend begin plaaslike gemeenskappe self werk om hierdie take in hul eie belang uit te voer.

Die twee gevallestudies toon aan dat dit moontlik is om plaaslike gemeenskappe te mobiliseer en verskillende rolspelers met verskillende rolle saam te snoer in volhoubare bewaringsbestuursprojekte. Indien die beginsels van goeie projekbestuur toegepas word en daar binne die regulatoriese raamwerk van erfenisbestuurswetgewing en die plaaslike munisipaliteit se ruimtelike beplanning in die SDF en IDP gewerk word, kan kosbare erfenishulpbronne van verwaarlosing en vernietiging gered word.

Die belangrikste aanvanklike stap, voordat bewaringsprojekte sistematies geloods kan word, is om die bewaringswaardige erfenishulpbronne in 'n stad, dorp of woongebied eers te identifiseer en 'n register daarvan op te stel. Omdat dit 'n mate van kundigheid verg en 'n omslagtige proses kan wees, moet dringende bewaringsaksies nie daarvoor uitgestel word nie.

Die ideaal is dat verskillende kultuurgoepe gesamentlik by erfenisbewaring betrek word om beter samewerking te bewerkstellig. Alle gemeenskappe in Potchefstroom

67 JB Marks Local Municipality, Management policy for the Oak Avenue, in Spatial Development Framework 2020, final report, p 80.

was nie tot dieselfde mate betrokke by die projekte om die Piet Malanhuis en die eikelaan te bewaar nie. Die inwoners van Ikageng, Promosa en Mohadin, wat kragtens apartheidswetgewing in die twintigste eeu na die buitewyke van Potchefstroom verskuif is, koester uiteraard nie dieselfde gevoel van affiniteit vir die "blanke" erfenis buite hul woongebiede nie. Namate die groepsgebiedegrense vervaag, sal samewerking in erfenisbestuur oor kultuurgrense heen hopelik vordering maak.

SAJCH/SATKG 38(1), June/Junie 2024 pp 103–103
https://doi.org/10.54272/sach.2024.v38n1a4